

PERSVERKLARING

UITSTELLING VAN SPERDATUM VIR INDIENING VAN EMP201 EN BETALING

Tshwane, 8 Julie 2025 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het gister groter-as-verwagte volumes ervaar wat tot vertraagde stelselspoed gelei het. Ons neem kennis dat sommige werkgewers vertragings met die indiening van hul maandelikse EMP201'e ervaar het, en SARS sal vervolgens oorweeg om nie boetes of rente te hef op werkgewers wat andersins nakomend is nie."

Die betalingproses word deur paragrawe 2(1) en 14(2) van die vierde bylaag tot die Wet op Inkomstebelasting, wet 58 van 1962, bestuur wat voorsiening maak vir die betaling van lopende betaalstelsel (LBS), werkloosheidversekeringfonds (WVF), en vaardigheidontwikkelingheffing (VOH), en die indiening van die EMP201-vorm binne 7 dae na die einde van die maand waartydens die bedrae teruggehou is van besoldiging wat aan werknemers betaal is.

Ingevolge artikel 3 van die Wet op Inkomstebelasting, het die kommissaris van SARS die diskresionêre gesag om die onderskeie sperdatums uit te stel. Met die uitoefening van sodanige gesag, het die kommissaris die sperdatum vir indiening en betaling tot Maandag 14 Julie 2025 uitgestel.

Die praktiese uitwerking van hierdie besluit is dat SARS nie boetes of rente sal hef op werkgewers wat andersins nakomend is nie.

Belastingpligtiges word aangemoedig om hul EMP201-opgawes voor 14 Julie in te dien om boetes vir laat-indiening te vermy.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.